higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

MULTIMEDIA-INHOUD
NKR-VLAK 3

(10040173)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Copyright reserved

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1. 15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die indeks van 'n boek is gewoonlik aan die …

A voorkant van 'n boek.
B agterkant van die boek.
C einde van elke hoofstuk.
D onderkant van elke bladsy.

1.1.2 Wikipedia is 'n …

A woordeboek.
B film.
C digitale ensiklopedie.
D verwysingsboek.

1.1.3 'n Prototipe is …

A die finale produk.
B 'n voorbeeldproduk.
C die beplanning van 'n produk.
D die produksie van 'n produk.

1.1.4 Die vorm in 'n vloeidiagram wat 'n besluit aandui, is 'n …

A diamant.
B sirkel.
C reghoek.
D ovaal.

1.1.5 Die term *monochromaties* verwys na …

A 'n kleurgradiënt.
B verskillende kleure.
C reënboogkleure.
D een kleur.

1.1.6 Adobe InDesign-sagteware is mees geskik vir …

A illustrasies.
B die redigering van beelde.
C die ontwerp van die uitleg van 'n boek.
D die skepping van 'n blog.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Hierdie laag stel die animeerder in staat om elemente op die onderliggende lae te toon of te versteek:

A Normale laag
B Maskerlaag
C Vormlaag
D Doelgemaakte ('custom') laag

1.1.8 'n Video van 'n man wat uit sy huis uit loop, in sy motor klim, by die werk aankom en in sy kantoor sit, gebruik die beginsel van …

A oorsaak en gevolg.
B lukrake redigering.
C duidelike kontinuïteit.
D sepia-redigering.

1.1.9 Om 'n klankgreep by 'n video in Premier Pro te voeg, word die klankgreep vanaf die bronmonitor na die … getrek.

A mandjie
B tydslyn
C video-kodek
D projekpaneel

1.1.10 Die mashoof is die … van 'n tydskrif.

A titel
B inhoudsopgawe
C voorblad
D laaste bladsy

1.1.11 'n Voordeel van storiebordontwikkeling is dat …

A dit meer werk skep.
B dit tyd spaar.
C dit iets lekker is om te hê.
D kykers dit nodig het.

1.1.12 Wanneer jy 'n vloeidiagram in multimedia teken, …

A is daar geen vaste reëls oor hoe om 'n vloeidiagram te teken nie.
B teken jy dit eers aan die einde van jou projek.
C moet jy onthou dat vloeidiagramme moeilik is om te volg.
D het jy eksterne hulp nodig om hulle te teken.

1.1.13 'n Prototipe kan gedefinieer word as …

A 'n verbeterde weergawe van die oorspronklike.
B 'n nie-werkende replika van die oorspronklike.
C 'n ontwerpmodel op grond waarvan die oorspronklike gemaak gaan word.
D 'n eerste voorbeeld van iets, waaruit alle latere vorms ontwikkel word.

Kopiereg voorbehou

1.1.14 'n Filmstilbeeld kan gedefinieer word as 'n …

A afleiding van filmproduksie.
B toertjie in 'n film wat nie deur die akteurs uitgevoer kan word nie.
C foto wat gedurende produksie op of van die stel van 'n film of televisieprogram af geneem word.
D foto van die hoofkarakter in 'n film.

1.1.15 Die volgende is nie 'n voorbeeld van video-oorgang in videoredigering nie.

A Oplos ('dissolve')
B Vervaag in ('fade-in')
C Verhelder ('bright up')
D Vee ('swipe')

(15 × 1) (15)

1.2 Kies 'n item/'n woord uit KOLOM B om by 'n item/'n woord in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Grafiese inhoud	A	verpakking van lêer
1.2.2	Adobe Premier Pro	B	druk van plakkaat
1.2.3	Opstelling van 'n dokument	C	kies sjabloon/templaat
1.2.4	Adobe photoshop	D	interaktiwiteit
1.2.5	MS Word	E	adobe illustrator
1.2.6	Inhoudproduksie	F	.jpg
1.2.7	Lêervoorbereiding	G	oplaai van webtuiste
1.2.8	Publisering	H	.pdf
1.2.9	Digitale lewering	I	vermetelheid
1.2.10	Klankinhoud	J	.avi
		K	verkry inhoud
		L	skryf briewe

(10 × 1) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Kreatiwiteit ontwikkel net deur opleiding.

1.3.2 'n Foto is 'n voorbeeld van 'n stilbeeld.

1.3.3 Storieborde word gebruik om aan te dui watter karakters in 'n toneel is en wat hulle sê en dien, maak *klank* word nooit in 'n storiebord aangedui nie.

1.3.4 'n Verwysing is 'n string teks wat een afdeling van 'n boek met 'n ander verbind.

1.3.5 'n Laebasluidspreker ('subwoofer') is 'n luidspreker wat ontwerp is om baie lae basfrekwensies te reproduseer.

1.3.6 'n Mono-oudiosnit bevat twee kanale (links en regs).

1.3.7 In 'n video word titels wat vertikaal beweeg, kruipteks('crawls') genoem.

1.3.8 Analoogvideo vanaf 'n regstreekse analoogkamerabron moet gedigitaliseer word voordat dit vir HDTV-uitsendings gebruik kan word.

1.3.9 Eksterne inhoud moet deur middel van ActionScript gelaai en gespeel word.

1.3.10 Bitmap-beelde is nie geskik vir animasies nie.

1.3.11 Dit is baie moeilik om 'n simboolelement in animasie te hergebruik.

1.3.12 Voorloping ('leading') verwys na die vertikale, horisontale en aangrensende spasie tussen teks.

1.3.13 Dit is moontlik om met behulp van tabelle 'n kalender te skep.

1.3.14 Jy kan nie beelde of prente in 'n program soos InDesign invoeg nie.

1.3.15 Die verwysings in InDesign word outomaties bygewerk wanneer die inhoud rondgeskuif word.

(15 × 1) (15)

1.4 Gee EEN woord (of 'n term) vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of 'n kort term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Knoppies soos *Home, Next, Back* en *Exit* op 'n webblad

1.4.2 Wanneer 'n mens 'n boek skep, word al die hoofstukke van die boek as afsonderlike dokumente gestuur en by hierdie lêer gevoeg

1.4.3 Gebruik hierdie hulpmiddel om 'n oudiosnit by te werk en die voorafgaande of daaropvolgende oudiosnit te skuif om die leë spasie te vul

1.4.4 Lukraak gegenereerde teks wat tydens die ontwerpfase 'n teksspasie vul

1.4.5 Die eienskappe van 'n voorwerp

1.4.6 Die spasie rondom die hoofelemente van of voorwerpe in 'n ontwerp

1.4.7 'n Tipe uitleg waar die ontwerper vaste posisies vir al die ontwerpelemente bepaal

1.4.8 Die term wat gebruik word vir die vergroting of verkleining van die spasie tusen letters in 'n teks

1.4.9 Vinnige, ruwe tekeninge wat 'n ontwerper maak om 'n idee te visualiseer

1.4.10 Kleure wat langs mekaar op die kleurwiel is

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Verduidelik kortliks hoe die volgende digitale kleurstelsels in multimedia gebruik word:

2.1.1 RGB

2.1.2 CMYK

(2 × 2) (4)

2.2 Verduidelik hoe warm en koel kleure in 'n ontwerp gebruik kan word om die perspektief van diepte te skep. (2)

2.3 Verduidelik die verskil tussen *serif*- en *sans serif*-lettertipes. (2)

2.4 Hoe sal jy die beginsel van ritme in jou ontwerpe toepas? (2)

2.5 Verduidelik hoekom die registrasie van 'n simbool belangrik is in animasie. (3)

2.6 Bespreek die gebruik van sleutelrame in raam-animasie. (2)

2.7 Definieer die term '*tweening*' in animasie. (2)

2.8 Noem DRIE tipes 'tweening'. (3 × 1) (3)

2.9 Noem DRIE voordele van digitale video, teenoor analoogvideo. (3 × 1) (3)

2.10 Beskryf *videostroming*. (2)
[25]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die geïnterlinieerde aftastingmetode en hoe dit in analoogtelevisieskerms gebruik is. (3)

3.2 Bespreek die gevolge van onomkeerbare ('lossy') videokompressie. (2)

3.3 Verduidelik hoe die volgende faktore gedurende die kompressie van 'n videosein aangepas kan word:

3.3.1 Beeldduur ('frame rate')

3.3.2 Beeldgrootte

3.3.3 Kleurdiepte

(3 × 2) (6)

3.4 Noem VIER algemene videolêerformate. (4 × 1) (4)

3.5 Definieer *elektroniese publisering*. (4)

3.6 Gee TWEE voorbeelde van toevoertoestelle wat vir die ontwikkeling van multimedia-inhoud benodig word. (2 × 1) (2)

3.7 Noem TWEE toestelle wat gebruik word om multimedia-inhoud terug te speel. (2 × 1) (2)

3.8 Noem TWEE lêerformate wat algemeen deur woordverwerkingspakkette asook leestoestelle gelees kan word. (2 × 1) (2)
[25]

VRAAG 4

4.1 Beantwoord die volgende vrae oor meesterbladsye in InDesign:

4.1.1 Definieer 'n *meesterbladsy*. (2)

4.1.2 Gee TWEE voordele daarvan om 'n meesterbladsy te gebruik wanneer jy 'n dokument soos 'n brosjure ontwerp. (2 × 1) (2)

4.1.3 Gee VIER voorbeelde van items wat deel van 'n meesterbladsy van 'n brosjure kan vorm. (4 × 1) (4)

4.2 Bespreek hoe die konsep van teksomvouing werk wanneer 'n mens dokumente skep. (2)

4.3 Noem VYF postitels wat in die voorproduksie-stadium van 'n multimedia-produksiespan gevind word. (5 × 1) (5)

4.4 Gee TWEE voorbeelde van sagteware wat vir die verwerking van die volgende tipes multimedia-inhoud geskik is:

4.4.1 Klank

4.4.2 Grafika

4.4.3 Video

(3 × 2) (6)

4.5 Noem TWEE voorbeelde van lêerformate wat gebruik kan word om die volgende te stoor:

4.5.1 Liedjie

4.5.2 Foto

(2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 5

5.1 Bespreek DRIE prosesse in die voorproduksiefase van multimedia-produksie. (3 × 2) (6)

5.2 Noem VIER aspekte wat gewoonlik deel van die produksieplan vorm. (4 × 1) (4)

5.3 Beskryf die funksionaliteit van 'n storiebord in die beplanningstadium van 'n videoproduksie. (4)

5.4 Bespreek die konsep van 'n gebruikerkoppelvlak. Maak gebruik van 'n voorbeeld in jou verduideliking. (4)

5.5 Noem DRIE stadiums van die ná-produksiefase van 'n multimedia-projek. (3)

5.6 Verduidelik die volgende multimedia-terme:

5.6.1 Rekwisiete ('props')



5.6.2 Klankeffekte

(2 × 2) (4)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Copyright reserved